

# KOERSVAS

Jaargang 7      Uitgawe 159   26 April 2019

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Christen vervolging

Twee insidente oorsee en 'n paar tuis het baie mense aan die spekuleer. Die dramatiese beelde in die week voor Goeie Vrydag van die Notre Dame katedraal se toring wat in vlamme neerstort, het meer as net Franse burgers en Roomse gelowiges met 'n lamme hartseer getref. Die gebou was ongeveer 850 jaar oud, bekend as die klein woud omrede so baie hout gebruik is in die konstruksie. Droë hout wat vernietigend vinnig gebrand het. Die laaste kooltjies het nog nie eens ophou gloei nie, toe is die beslissing met ferme sekerheid gestel: 'Dit was 'n ongeluk en geen sabotasie nie'. Dit teen dié agtergrond dat die spanning tussen Christene en Moslems in Europa aan die oplaai is namate die immigrasie na Europa eskaleer. Islam ekstremiste het inderdaad die katedraal as een van hulle primêre teikens genoem. Deel van die agtergrond wat ons in ag moet neem, is dat in Frankryk in die afgelope jaar 875 Roomse kerke die teiken was van vandalisasie en daar by 'n verdere 129 gevalle van diefstal aangemeld is. Vir eeue is die katedraal verlig deur kerse te brand. Die vraag na sabotasie is 'n geldige een. Kom ons aanvaar vir die oomblik die bona fides van die owerheid en hulle

antwoorde. Wat van die baie kerke wat in een jaar suksesvol geteiken is?

Die tweede skokkende gebeurtenis was die bomaanvalle in Colombo, Sri Lanka. Meer as 300 mense het die lewe gelaat en meer as 500 mense is beseer in n' reeks aanvalle wat eerstens gerig was op die Christene in die land. Die mense verantwoordelik vir die aanval is 'n ekstremistiese Islamitiese groep - *Thowheeth Jama'ath*. Die Christen kerke was die primêre teikens gewees, die owerhede het erken dat daar 10 dae voor die aanval reeds inligting uitgelek het dat *Thowheeth Jama'ath* beplan om kerke aan te val. Vir helder geklede Christene het Opstanding Sondag hulle eie verminking of dood beteken. Ons jubel saam met hulle by die wederkoms, maar intussen is daar tranes, verlies en skok. Die media het oor die drama baie verslag gelewer. Oor die teiken en die haat van die Islamiste is daar amper geswyg. Moet tog nie noem dat dit Christen kerke is nie, sê net kerke. Moet nie sê Christene is dood nie, stel dat Paasdaanbidders gesterf het. Moet niks stel wat die Christene dalk op hulle agterpote sal laat staan nie.

Kom ons stel dit onomwonde. Christene word vervolgd. Direk en indirek. Blatant en subtiel is daar aanslae op ons op grond van ons geloof. Wêreldwyd word Christene op



grond van hulle geloof benadeel: Maandeliks word 345 Christene op grond van hulle geloof vermoor, amper 11 elke dag. Elke maand word 105 kerke en Christen geboue verbrand of aangeval. Maandeliks word 219 Christene gearrester, sonder verhoor aangehou of tronk toe gestuur. Een in nege Christene ervaar hoë vlakke van vervolging wêreldwyd. Noord-Korea is die afgelope 18 jaar die nommer een op die lys van vervolgers van Christene. Vgl. [www.opendoorsusa.org/christian-persecution/](http://www.opendoorsusa.org/christian-persecution/)

Die getal Christene wat subtiel vervolgd word, mense wie se geloof stil-stil onderdruk en vermoor word, is logaritmies meer. Daar is 'n groep wat wêreldwyd die meeste skuld het aan hierdie onderdrukking. Dit is die openbare media, nuus, koerante en tydskrifte. Dit is nie alle media wat hieraan skuldig is nie, maar die oorgrote meerderheid is wel medepligtig. Hoe word ons geloof vervolgd, onderdruk en vermoor? Die blatante aanvalle teen Christene word ignoreer of afgemaak as onbenullig. Die media verontwaardiging toe die man in Christchurch die Moskee bestorm het, was nodig. Dit was een man, nie eens 'n selferkende Christen nie. Die nuusdekking van die gebeure te Colombo staan in skrilte kontras. Skok en afgryse, maar geen veroordeling, geen woord van vervolging, geen oproep tot stryd teen die geweldenaars nie. In die nuusdekking word die nuus oor aanslae teen Christene afgewater en minder gemaak as wat dit is, terwyl enkele aanvalle teen Moslems maak dat die hele Christendom in die beskuldigde bank staan. In koerante word die verkeerde aanvaarbaar gemaak. Getuig 'n Christen teenoor iemand wat homoseksueel is (soos die nuutste voorbeeld van die Australiese rugbyspeler

illustreer) , word die Christen die een wat in die media verguis word. Daar is eintlik te veel voorbeelde om op te noem.

In 'n tyd van politieke korrektheid waar 'n felle stryd met woorde gevoer word, is dit die etikette soos rassisme, homofobie en Islamofobie wat gebruik word om geregverdigde kommentaar te verwerp. Die ironiese is dat mense so bang word vir die etikettering dat hulle nie eens fluister oor ongeregthede wat skreiend skreeu teen hulle eie waardes en oortuigings nie.

Miskien het dit tyd geword om te praat van 'n inherente en irrasionele haat vir Christene en die Christelike kultuur. Nee, dit is beslis hoog tyd dat ons onbeskaamd opstaan en die waarheid wat aan ons toevertrou is proklameer. Vir diegene wat so gul etikette uitdeel, diegene wat swyg, saampraat en ignoreer, julle ly aan Christofobie!

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **DS SWART**

Die Kuratorium stel nou by monde van Koersvas die GHG in kennis dat Ds Tinus Swart se akkrediasie opgehef is. Hy is derhalwe nie meer beroepbaar of beskikbaar vir preke nie.

### **BONDSVERGADERING 2019**

Die Bondsvergadering vind hierdie jaar 8-10 September te Premiemyn (in Cullinan) plaas. Maak seker dat u datums beplan en reëlins (vervoer en behuising) getref is. Gemeentes moet voortydig alle beskrywingspunte aan die Marais deurstuur.

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op

die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>  
Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### OORNAG FASILITEITE

#### Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**  
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)



## 1/2 OF HEEL VARK TE KOOP

**PRYS: R40 p/kg**

**DATUM VAN AFLEWERING:** Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is

**AFLEWERINGSPUNT:** Pretoria soos ooreengekom

**BETALING:** EFT

#### BEPERKTE VOORRAAD

9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe  
tussen 25- en 35kg

7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg

Varke word opgesaag  
soos versoek!



**PLAAS BESTELLING BY**  
**RONÉL SEINO 0827873480**

**ONDERSTEUN JOU  
SAK EN DIE BOER  
&  
BESTEL DIREK VAN  
DIE BOER**

## Hervormde Gemeente Vrede

**Voël jag ter waarde van R9 000 - 3 jagters**

*Pryse is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.*

Die beoordelaars se beslissing is finaal.

